education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 10

REKENINGKUNDE

NOVEMBER 2006

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 23 bladsye en 'n antwoordeboek.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Jy word voorsien van 'n vraestel en ANTWOORDEBOEK.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER verpligte vrae. Die verpligte vrae is VRAAG 1, 2, 3 en 4. Beantwoord AL hierdie vrae.

3. Jy moet ook EEN ander vraag beantwoord; ÓF VRAAG 5 ÓF VRAAG 6.

4. Gebruik die formaat wat voorsien word om jou antwoorde te doen.

5. Bewerkings moet getoon word om deelpunte te verdien.

6. Jy moet poog om by die voorgestelde tye te hou.

7. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

8. Jy mag potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: 40 punte; 25 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Kostebegrippe en BTW	LU1 Finansiële inligting ▪ AS7 BTW LU2 Bestuursrekeningkunde ▪ AS2 Identifiseer basiese kostebegrippe LU3 Bestuur van hulpbronne ▪ AS6 Kennis van interne beheer/kontrole

VRAAG 2: 50 punte; 25 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Boekhou-inskrywings en rekeningkundige vergelyking	LU1 Finansiële inligting ▪ AS2 Gebruik van brondokumente & grootboek ▪ AS3 Rekeningkundige vergelyking LU3 Bestuur van hulpbronne ▪ AS4 Grootboek vir deurlopende voorraadstelsel

VRAAG 3: 80 punte; 50 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Salarisse, begrotings en etiek	LU2 Bestuursrekeningkunde ▪ AS1 Finansiële en bestuursrekeningkunde ▪ AS3 Begrotingskonsepte LU3 Bestuur van hulpbronne ▪ AS2 Salarisse en lone ▪ AS5 Etiek

VRAAG 4: 70 punte; 45 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Finansiële state en begrippe	LU1 Finansiële inligting ▪ AS1 Rekeningkunde begrippe ▪ AS5 Finansiële state van alleenhandelaars

KIES ÓF VRAAG 5 ÓF VRAAG 6.

VRAAG 5: 60 punte; 35 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Vertolking van finansiële state	LU1 Finansiële inligting ▪ AS5 Finansiële state van alleenhandelaars LU3 Bestuur van hulpbronne ▪ AS6 Interne beheer/kontrole

VRAAG 6: 60 punte; 35 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Debiteure en krediteure	LU1 Finansiële inligting ▪ AS2 Gebruik van brondokumente & grootboek LU3 Bestuur van hulpbronne ▪ AS6 interne beheer/kontrole

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: KOSTEBEGRIPPE EN BTW (40 punte; 25 minute)

1.1 Jossie Jordaan erf R8 000 van haar ouma wat sy besluit om te gebruik om haar eie besigheid mee te begin. Sy ontvang 'n breimasjien van haar moeder as 'n verjaardaggeskenk en besluit om 'n matmaakbesigheid te begin.

Gedurende die eerste maand van handel, September 2006, het sy wol en garing tot 'n waarde van R2 250 van 'n plaaslike verskaffer gekoop. Sy nader 'n vriendin van haar, Samantha, om haar te help met die maak van die matte. Sy sal Samantha R1 200 per maand betaal. Sy huur 'n motorhuis by 'n buurman vir R250 per maand om die matte te produseer en om haar produkte en materiale te stoor. Die buurman vra haar 'n bedrag van R300 per maand vir elektrisiteit. Sy koop plastiekhouers in grootmaat teen 'n prys van R375 vir 100 houers om die matte in te pak. Sy koop aanvanklik 200 plastiekhouers.

Gedurende haar eerste maand het sy 150 matte geproduseer wat sy en haar assistent aan vriende, familie en die plaaslike winkel verkoop het teen 'n prys van R65. Sy het al die wol en garing gebruik, maar sy het 50 plastiekhouers oor. Hulle het daarin geslaag om al 150 matte te verkoop.

OPDRAG:

1.1.1 Verduidelik waarom huur as 'n vaste koste en die plastiekhouers as 'n veranderlike koste beskou word. (4)

1.1.2 Deur van Jossie se koste wat hierbo genoem is gebruik te maak, gee TWEE voorbeelde van vaste koste en TWEE voorbeelde van veranderlike koste bo en behalwe dit wat in VRAAG 1.1.1 genoem is. (4)

1.1.3 Bereken die totale koste om 150 matte te produseer, insluitende die koste van die houers. (8)

1.1.4 Bereken wat dit Jossie kos om EEN mat te produseer, insluitende die koste van die houer. (4)

1.2 As gevolg van oorweldigende goeie reaksie op haar produk, het Jossie en haar assistent besluit om vir 'n stalletjie by die Port Elizabeth-strand in Oktober 2006, aansoek te doen. Die stalletjie kos Jossie R500 per maand. Sy adverteer ook in die plaaslike gemeenskapsnuusbrief teen 'n koste van R50 per week. Sy skat dat sy haar produksie kan verdubbel.

Jossie het nog 'n assistent, Peter, gehuur om die stalletjie te bestuur, terwyl sy en Samantha die matte produseer. Sy betaal Peter R1 000 per maand.

Na die eerste maand, doen Jossie 'n fisiese opname van die matte by die stalletjie. Jossie het 225 matte deur die loop van die maand aan Peter gegee. Sy het R11 830 van Peter ontvang vir die matte wat hy verkoop het. Die fisiese opname toon dat daar 32 matte voorhande is.

OPDRAG:

1.2.1 Jossie is oortuig dat Peter nie rekenskap gegee het van al die matte wat aan hom toevertrou is nie.

Bereken die aantal matte wat skynbaar vermis word. (6)

1.2.2 Na jou mening, maak die koste van die stalletjie dit vir Jossie die moeite werd om aan te hou met die verkoop van die matte by die strand? Verduidelik kortliks. Watter advies sal jy haar gee? (5)

1.3 BTW

Jossie besef dat sy BTW op sekere van die items wat sy gekoop het, betaal het. Sy vind ook uit dat enige besigheid met 'n omset van meer as R20 000 per jaar en minder as R300 000 per jaar, as 'n BTW-verkoper mag registreer, maar dit is nie verpligtend nie.

OPDRAG:

1.3.1 Jossie het besluit om as 'n belastingondernemer te registreer, want sy redeneer dat dit haar sal toelaat om 14% BTW op die matte te vra (R9,10) en dat dit na 'n ekstra wins van R9,10 per mat sal lei. Is sy korrek? Verduidelik. (5)

1.3.2 Verduidelik waarom baie mense voel dat BTW 'n regverdige stelsel van belasting is. Noem TWEE punte. (4)
[40]

VRAAG 2: BOEKHOU-INSKRYWINGS EN REKENINGKUNDIGE VERGELYKINGS (50 punte; 25 minute)

Thando Yawa het haar eie besigheid, TT Winkels, begin wat skryfbehoeftes verkoop. Sy gebruik die deurlopendevoorraadstelsel.

Sommige van die transaksies wat in Mei 2006 plaasgevind het, is soos volg:

Mei 1 Thando open 'n lopende bankrekening en deponeer R50 000 as kapitaalbydrae.

4 TT Winkels koop voorraad op krediet van TNA Stationers, R3 500. TNA Stationers het ook 'n afleweringsfooi van R420 op die faktuur gevra.

10 Stuur defektiewe voorraad aan TNA Stationers terug, R255.

15 Verkoop skryfbehoeftes op krediet aan N Roman, R910. Die winsopslagpersentasie op kosprys is 40%.

20 Koop 'n rekenaar vir kantoorgebruik van Incredible Computers en betaal per tjek, R6 500.

22 N Roman het skryfbehoeftes ter waarde van R336 teruggestuur. Die geheime kostekode wat op hierdie goedere gebruik is, is AKB/BB. Die kode wat deur die besigheid gebruik is, is BLACKHORSE waar B = 0.

25 N Roman het haar rekening per tjek vereffen. 'n Korting van 5% is aan haar toegestaan vir vroeë vereffening van haar rekening.

27 Thando het skryfbehoeftes van die winkelrakke geneem vir haar seuns om by die skool te gebruik. Die verkoopprys van die skryfbehoeftes is R315 en die kosprys is R225.

30 Vereffen die rekening van TNA Stationers met 'n tjek.

OPDRAG:

2.1 Ontleed die transaksies in die antwoordeboek voorsien om die REKENING GEDEBITEER, REKENING GEKREDITEER en BEDRAG te toon. Die eerste transaksie is vir jou as 'n voorbeeld voltooi. (35)

2.2 Noem die joernaal en brondokument en toon die netto effek op die rekeningkundige vergelyking vir die transaksies gedateer die 15de, 25ste en die 27ste. Die transaksie op 1 Mei is vir jou as 'n voorbeeld voltooi. (15)
[50]

Laat hierdie bladsy blanko

VRAAG 3: SALARISSE, BEGROTINGS EN ETIEK (80 punte; 50 minute)

3.1 SALARISSE

Jack Mashego is die eienaar van 'n aantal besighede, waarvan Ubuntu Sekuriteitsdienste een is. Hy werk vir omtrent een uur per dag by die besigheid, maar sy broer, Gary, bestuur die besigheid vir hom. Sarah Patudy, 'n administratiewe assistent en 6 sekuriteitswagte, is ook in sy diens.

Inligting in verband met aftrekkings en voordele:

* LBS-aftrekkings word van die verdienste van elke werker teen hulle belastinggrenskoerse gemaak.
* WVF-aftrekkings word van die verdienste van elke werker teen 1% gemaak - die werkgewer dra 'n verdere 1% by.
* Gary behoort aan 'n mediese fonds - die werkgewer dra op 'n basis van R2 vir elke R1 afgetrek, by.
* Beide Gary en Sarah behoort aan 'n pensioenfonds. Die aftrekking beloop 7,5% van die bruto salaris, terwyl die werkgewer se bydrae 10,5% is.
* Die sekuriteitswagte ontvang nie mediese en pensioenvoordele nie.

UBUNTU SEKURITEITSDIENSTE
SALARISJOERNAAL VIR SEPTEMBER 2006

Naam	Bruto salaris	Aftrekkings				Totale aftrekkings	Netto salaris
		LBS/ SIBW	Mediese Fonds	Pensioen	WVF		
Sarah Patudy	3 750,00	675,00	Nil	281,25	37,50	993,75	2 756 25
Gary Mashego	12 500,00	3 125,00	1 100,00	?	?	?	?
	16 250,00	3 800,00	1 100,00	?	?	?	?

OPDRAG:

3.1.1 Verduidelik die verskil tussen die terme *bruto salaris* en *netto salaris*. (2)

3.1.2 Waarom verskyn die sekuriteitswagte nie in hierdie joernaal nie? (2)

3.1.3 Voltooi Gary Mashego se betalingsadvies deur die ontbrekende syfers en besonderhede in te vul:

BETALINGSADVIES: GARY MASHEGO	Datum: Sept 2006
Bruto salaris	12 500,00
LBS-aftrekking	- 3 125,00
Mediesefonds-aftrekking	- 1 100,00
?	?
?	?
NETTO SALARIS	?

(8)

3.1.4 Bereken die bedrag wat die werkgewer in verband met die medies vir Gary Mashego vir die hele jaar bygedra het. (4)

3.1.5 Na onderhandelings met Sarah Patudy, het Jack Mashego besluit om die volgende salarisskaal vir haar met ingang van 1 Oktober 2006, in te voer.

54 000 x 6 000 - 72 000 x 8 000 - 96 000 x 10 000 - 126 000

(a) Wat is die minimum maandelikse salaris op hierdie skaal? (3)

(b) Hoe lank sal dit Sarah neem om na die volgende kerf te vorder? (2)

(c) Bereken die % jaarlikse salarisverhoging wat sy in 2016 sal ontvang wanneer sy haar maksimum salaris sal bereik. (4)

3.2 BEGROTINGS EN BESIGHEIDSETIEK

Die besigheid verhuur die dienste van sekuriteitswagte aan hulle klante teen R70 per uur. Jack Mashego het besluit om hierdie koers te verhoog tot R74 per uur vir die volgende finansiële jaar. Die sekuriteitswagte werk almal dieselfde aantal ure in 'n jaar en hulle word weekliks betaal vir elke uur wat hulle werk.

Die sekuriteitswerkers van Ubuntu Sekuriteitsdienste het vir die afgelope maand gestaak. Hulle is ongelukkig oor hulle werksomstandighede en die voorgestelde begroting vir 2007.

Jack en Gary het die begroting vir die volgende finansiële jaar bespreek. Hulle besit al klaar 'n voertuig wat gebruik word om die sekuriteitswagte te vervoer en hulle het vir 'n nuwe motor vir Jack Mashego begroot.

Dit is ook besluit om Gary Mashego, die bestuurder, na 'n vyfdag-konferensie in die VSA te stuur om meer oor sekuriteitsmaatreëls te leer. Hierdie reis sal omgeveer R60 000 kos.

Hieronder is die kontantbegroting vir die jaar geëindig 30 September 2007 tesame met die ooreenstemmende begroting en die werklike syfers vir 2006. Hierdie kontantbegroting dui ook die %-verandering in die begrote syfers aan.

Kopiereg voorbehou

UBUNTU SEKURITEITSDIENSTE
KONTANTBEGROTING VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2007

	2006		2007	
	BEGROOT	**WERKLIK**	**BEGROOT**	**% VERANDERING IN BEGROTING**
ONTVANGSTE				
Fooie-inkomste van sekuriteitsdienste	823 200	823 200	870 240	+ 6%
Huurinkomste	12 000	12 000	14 400	+ 20%
Rente op vaste deposito	5 000	4 000	4 320	- 13%
Lening van Sharks Lenders	50 000	50 000	70 000	+ 40%
	890 200	889 200	958 960	+ 8%
BETALINGS				
Salaris van kantooradministrateur (Sarah Patudy)	45 000	45 000	54 000	+ 20%
Salaris van bestuurder (Gary Mashego)	130 000	150 000	225 000	+ 73%
Lone van ses sekuriteitswagte	141 120	141 120	152 410	+ 8%
Werkgewer se bydrae tot mediese fonds, pensioenfonds & WVF	50 236	50 236	60 009	+ 19%
Opleidingskursusse vir sekuriteitswagte	12 000	8 000	8 800	- 27%
Kantoortelefoon & elektrisiteit	20 000	16 500	16 500	- 18%
Motorvoertuigbedryfskoste	36 000	35 000	70 000	+ 94%
Rente op lening	7 000	7 000	13 200	+ 89%
Verversings vir kantoorpersoneel	8 400	8 500	9 000	+ 7%
Koste van Ubuntu Sekuriteit Sokkerklub	2 000	10 000	10 000	+ 500%
Bankkoste	15 000	19 000	15 500	+ 3%
Oorsese reis - konferensie	0	0	60 000	Nie van toepassing
Uniforms vir sekuriteitswagte	6 000	8 000	3 000	- 50%
Onderhoud van gebou	18 000	14 000	19 800	+ 10%
Onttrekkings deur Jack Mashego	164 000	200 000	240 000	+ 46%
Aankoop van nuwe voertuig vir Jack Mashego	0	0	340 000	Nie van toepassing
	654 756	712 356	1 297 219	+ 98%
Kontantsurplus (tekort) vir die jaar	235 444	186 844	(338 259)	
Kontant in bank aan die begin van die jaar	160 075	160 075	346 919	
Kontant in bank aan die einde van die jaar	395 519	346 919	8 660	

OPDRAG:

3.2.1 Verduidelik wat die volgende beteken:

(a) Finansiële rekeningkunde
(b) Bestuursrekeningkunde (4)

3.2.2 Waarom is dit belangrik vir Jack om 'n kontantbegroting vir elke finansiële jaar voor te berei? (3)

3.2.3 Jack wil ook 'n besigheidsetiekkode voorberei om in die kantoor uit te stal. Verduidelik kortliks hoekom dit 'n goeie idee is en noem DRIE punte wat hy in die besigheidsetiekkode moet insluit. (8)

3.2.4 Was dit vir die besigheid nodig om 'n lening in 2006 uit te neem en om vir 'n verhoging van die leninge in 2007 te begroot? Verduidelik kortliks. Gee TWEE redes vir jou antwoord. (5)

3.2.5 Gary is baie gelukkig dat die salarisse, lone en werkgewer se bydraes vir 2006 goed beheer is. Identifiseer DRIE ander bedryfsuitgawes wat in die 2006 finansiële jaar goed beheer is en noem syfers om jou antwoord te staaf. (9)

3.2.6 Bereken die volgende vir 2006:

(a) Die getal ure wat elke sekuriteitswag gewerk het
(b) Die lone wat hulle per uur verdien het (8)

3.2.7 Jack wil die dispuut aangaande die staking so gou as moontlik oplos. Hy nader jou vir advies.

Jy vertel hom dat hy met die wagte behoort te ontmoet, maar dat hy aan hulle griewe erkenning moet gee, terwyl hy sy eie standpunt moet stel.

Skryf 'n verslag vir hom oor:

* Punte wat sy mening sal ondersteun
* Punte wat die wagte waarskynlik sal opper
* Punte wat hy in die hersamestelling van die begroting in aanmerking behoort te neem

Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:

* Jack se perspektief te verstaan
* Die wagte se perspektief te verstaan
* Kreatief oor die begroting te dink
* Relevante inligting te identifiseer en te evalueer (18)

[80]

Laat hierdie bladsy blanko

VRAAG 4: FINANSIËLE STATE (70 punte; 45 minute)

Christy Chetty besit 'n skoenwinkel naamlik Trendy Shoes. Jy word voorsien van die Proefbalans soos opgestel deur die boekhouer nadat sommige aansuiwerings gedoen is.

GEVRA:

4.1 Verduidelik wat *AARP* beteken. (2)

4.2 Daar is 'n bedrag vir Diverse Uitgawes wat 10 verskillende items, onder meer verversings en koerante in die Proefbalans, insluit. Watter AARP-beginsel word hier toegepas? Noem en verduidelik die toepassing van die beginsel. (3)

4.3 Die Inkomstestaat is opgestel vanaf die Proefbalans voorsien, voordat die addisionele inligting op die volgende bladsy in aanmerking geneem is. Die konsep-Inkomstestaat toon 'n netto wins van R112 604.

Bereken die korrekte netto wins nadat die addisionele inligting in berekening gebring is. (10)

4.4 Gebruik die Proefbalans, sowel as die inligting hieronder, om die volgende notas tot die Balansstaat op 30 September 2006 op te stel:

* Eienaarsbelang (Kapitaal) (8)
* Handels- en ander krediteure (9)

4.5 Gebruik die Proefbalans, sowel as die inligting hieronder, om die Balansstaat op 30 September 2006, op te stel. Toon berekeninge tussen hakies om deelpunte te verdien. (34)

4.6 Stem jy saam dat die waarde van grond en geboue, voertuie en toerusting, teen kosprys in die finansiële state getoon moet word? Verduidelik jou antwoord. (4)

INLIGTING:

CHRISTY CHETTY DRYF HANDEL AS TRENDY SHOES
PROEFBALANS SOOS OP 30 SEPTEMBER 2006

	Debiet	Krediet
Balansstaatrekening-afdeling	**R**	**R**
Kapitaal		620 000
Onttrekkings	28 000	
Grond en geboue teen kosprys	450 000	
Voertuie teen kosprys	145 000	
Toerusting teen kosprys	45 000	
Vaste deposito: Stanlip Bank (7,5%) verval in 2008	10 000	
Handelsvoorraad	110 000	
Debiteurekontrole	18 750	
Bank	8 831	
Wisselgeld	850	
Lening: Credbank (12%)		70 000
Krediteurekontrole		13 565
Opgelope uitgawes		682
Vooruitbetaalde uitgawes	420	
Nominalerekeninge-afdeling		
Verkope		943 376
Koste van verkope	589 610	
Debiteure-afslag	1 230	
Huurinkomste		16 500
Selfoonuitgawes	825	
Salarisse	210 000	
Eiendomsbelasting	14 590	
Skryfbehoeftes	2 840	
Diverse uitgawes	138	
Water en elektrisiteit	14 892	
Bankkoste	4 107	
Oninbare skulde	890	
Rente op lening	8 400	
Rente op lopende bankrekening		250
	1 664 373	1 664 373

ADDISIONELE INLIGTING:

1. Christy Chetty het 'n voertuig ter waarde van R50 000 op 1 Mei 2006 na die besigheid oorgeplaas.

2. Na 'n ondersoek het jy vasgestel dat die boekhouer nagelaat het om die volgende transaksies in berekening te bring waarvan sommige die netto wins sal beïnvloed:

   2.1 'n Voorraadopname op 25 September 2006 toon skoene ter waarde van R108 500 voorhande.

   2.2 Op 28 September 2006, nadat 'n fisiese voorraadopname gedoen is, het Christy skoene vir haar persoonlike gebruik teen kosprys geneem, R2 600. Dit is nog nie geboekstaaf nie.

   2.3 R25 000 van die lening sal op 31 Desember 2006 aan Credbank terug betaal word.

   2.4 Drie maande se huurinkomste is vooruit ontvang.

   2.5 R637 te veel eiendomsbelasting is betaal. Hierdie bedrag moet teen die bedrag verskuldig in die volgende jaar, verreken word.

   2.6 'n Bedrag van R580 is verkeerdelik na die Debiteurekontrolerekening gekrediteer. Hierdie bedrag is van B Schoeman, 'n debiteur wie se rekening in 2004 as oninbaar afgeskryf is, ontvang. **[70]**

**BEANTWOORD SLEGS VRAAG 5 ÓF VRAAG 6.
MOENIE BEIDE VRAE BEANTWOORD NIE.**

VRAAG 5: ONTLEDING VAN FINANSIËLE INLIGTING (60 punte; 35 minute)

Cynthia Malopo besit 'n geskenkwinkel naamlik Malopo Curios wat hoofsaaklik op die toerismebedryf fokus. Hieronder is 'n uittreksel van die finansiële state op 30 Junie 2006, soos opgestel deur haar boekhouer. Vergelykende syfers vir die vorige jaar word ook voorsien.

	2006	**2005**
Omset (Verkope)	270 000	144 000
Koste van verkope	150 000	90 000
Bruto wins	120 000	54 000
Bedryfsinkomste	35 000	30 000
Bedryfswins	85 000	24000
Rente-inkomste	5 000	4 000
Netto wins	90 000	28 000
Eienaarsbelang	250 000	250 000
Nie-bedryfslaste	15 000	10 000
Nie-bedryfsbates	240 000	215 000
Bedryfsbates (insluitend handelsvoorraad)	75 000	60 000
Bedryfslaste	50 000	15 000
Handelsvoorraad	42 000	22 000

Die boekhouer het berekeninge vir sommige van die finansiële aanwysers gedoen.

	Verwys na vraag:	**2006**	**2005**
Bruto wins op verkope	(5.1.1)	?	37,5%
Bruto wins op koste van verkope		80%	60%
Bedryfsuitgawes op verkope		12,9%	20,8%
Bedryfswins op verkope	(5.1.2)	?	16,7%
Netto wins op verkope		33,3%	19,4
Opbrengs (Rentabiliteit) op kapitaal	(5.1.3)	?	11,2%
Bedryfskapitaalverhouding		1,5:1	4:1
Vuurproefverhouding	(5.1.4)	?	2,5:1
Solvabiliteitsverhouding	(5.1.5)	?	11:1

GEVRA:

5.1 Bereken die ontbrekende finansiële aanwysers (verhoudings/persentasies) vir 2006. Toon jou berekeninge en antwoord in die tabel wat voorsien is. Bereken tot EEN desimale plek.

LET WEL: Punte sal vir jou berekeninge toegeken word. (26)

5.2 Cynthia Malopo verstaan nie die finansiële aanwysers baie goed nie en vra jou die volgende vrae: (In alle gevalle toon verhoudings, persentasies of syfers en vergelyk dit met die vorige jaar om jou antwoord te staaf.)

5.2.1 Moet sy tevrede wees met die bedryfswins en die beheer oor die bedryfsuitgawes? Verduidelik. (7)

5.2.2 Het die besigheid die vermoë om sy korttermynskuld sonder enige probleme te betaal? (8)

5.2.3 Vergelyk die opslag in 2005 met die opslag in 2006. Hoe het die verandering in opslag die bedrywighede van Malopo Curios beïnvloed? Was die verandering in opslag 'n wyse besluit? Verduidelik. (7)

5.2.4 Verdien Cynthia 'n aanvaarbare opbrengs op haar belegging in die besigheid? Verduidelik. (6)

5.3 Cynthia is onseker oor hoeveel voorraad sy in die besigheid moet hou. Noem DRIE faktore wat sy in berekening moet neem wanneer sy besluit hoeveel voorraad sy moet aanhou. (6)
[60]

**BEANTWOORD ÓF VRAAG 5 ÓF VRAAG 6.
MOENIE ALBEI VRAE BEANTWOORD NIE.**

VRAAG 6: DEBITEURE EN KREDITEURE (60 punte; 35 minute)

Jy word van inligting uit die boeke van Umgaba Meubileerders voorsien.

6.1 OPDRAG:

Debiteurekontrolerekening vir Junie 2006. Toon berekeninge tussen hakies om deelpunte te verdien. Toon ook folioverwysings vir joernale. (29)

INLIGTING VIR JUNIE 2006:

1. Die debiteurelys op 1 Junie toon 'n totaal van R31 570, insluitende die volgende:

   * Twintig debiteure met debietsaldo's van R32 600
   * Drie debiteure met kredietsaldo's met 'n totaal van R1 030: K Kim, R740; H Hill, R250; N Nel, R40

2. Meubels is soos volg verkoop:

   * Vir kontant, R45 500
   * Op krediet, R55 350

3. Kwitansies met 'n totaal van R44 460 is aan kredietkliënte uitgereik ter vereffening van hulle rekeninge. Dit sluit R660 in wat die insolvente boedel van H Hendry ontvang is - sy boedel het 60 sent in die rand uitbetaal en die saldo moet afgeskryf word. Kontantkorting van R2 040 is op die paaiemente van die kredietkliënte toegestaan.

4. Daar is besluit om die debiteure met kredietsaldo's soos volg te hanteer:

   * Kim is deur middel van 'n tjek R740 uitbetaal
   * H Hill se rekening moet na die krediteuregrootboek oorgedra word
   * Nel se rekening moet teen verdere kredietverkope opgeweeg word

5. Totaal van goedere teruggestuur:

   * Aan verskaffers, R2 500
   * Deur kontantkliënte, R890
   * Deur kredietkliënte, R3 700

6. Tjeks aan verskaffers uitgereik ter vereffening van hul rekeninge, R39 600

7. Die bankstaat wat op 25 Junie ontvang is, toon die volgende:

   * Direkte oordrag deur 'n debiteur, J James, R5 660
   * Geweierde tjek, R540 (hierdie tjek is oorspronklik deur 'n kredietkliënt voorsien, B Boddie, ter vereffening van sy rekening van R610).

8. 'n Debiteur, B Luyt, moet met 4 maande se rente teen 12% per jaar op sy oortrokke rekening van R2 700, belas word.

9. 'n Kredietkliënt, T Thabo, kla dat 'n tafel met 'n verkeerde grootte aan haar verkoop is. Die faktuurtotaal van R1 654 is reeds in inligting 2 (hierbo). Daar is besluit om die tafel teen kosprys aan haar te verskaf. Die opslag was 75% op kosprys. Die geskikte dokument is op 30 Junie 2006 uitgereik.

10. Die Kleinkasjoernaal toon R350 aan KK Deliveries betaal vir afleweringsuitgawes wat namens 'n debiteur betaal is.

Kopiereg voorbehou

6.2 Jy word van die Krediteurekontrolerekening wat in die Grootboek van Umgaba Meubileerders in Junie 2006 verskyn het, voorsien. Dit is hulle beleid om krediteure se rekeninge so gou moontlik te vereffen, al ontvang hulle 30 dae krediet vanaf die krediteure.

OPDRAG:

Bestudeer die rekening en beantwoord die vrae wat volg.

KREDITEUREKONTROLE

2006 Jun	30	?	KBJ	47 000	2006 Jun	1	Saldo	a/b	28 000
		?	KAJ	6 900			?	KJ	34 500
		Diverse rekeninge	AJ	200			Diverse rekeninge	AJ	500
		Saldo	o/d	8 900					
				63 000					63 000
					2006 Jul	1	Saldo	a/b	8 900

VRAE:

6.2.1 Noem die dokument wat die inskrywing van R34 500 aan die kredietkant ondersteun. (2)

6.2.2 Gee EEN moontlike verduideliking vir die inskrywing van R500 aan die kredietkant. (2)

6.2.3 Krediteure het Umgaba Meubileerders kontantkorting van R420 vir vroeë betaling toegestaan. Hoeveel is aan hulle betaal? (2)

6.2.4 Die krediteurelys op 30 Junie toon 'n totaal van R12 200. Watter stappe behoort die boekhouer te doen? Verduidelik kortliks. (2)

6.2.5 Umgaba Meubileerders is nie gelukkig met die gehalte van meubels wat hulle van hulle verskaffers ontvang nie. Voorsien 'n syfer met 'n verduideliking om jou antwoord te staaf. (3)

6.2.6 Die krediteure word te gou betaal. Verduidelik kortliks en haal syfers aan om jou antwoord te staaf. (3)

6.3 Jy word van 'n uittreksel uit 'n koerantartikel voorsien.

OPDRAG:

Lees die artikel en beantwoord die vrae wat volg.

EDCON VIR DEBITEURBOEK-OPENBARING GEPRYS
Deur Tom Robins
***Besigheidsverslag,* 13 Julie 2006**
(artikel verkort)

Kaapstad – Die debiteureboek van Edgars Gekonsolideerde Winkels het marginaal versleg in die kwartaal tot Junie in vergelyking met 'n jaar gelede, na die maatskappy se aggressiewe strategie om nuwe kredietklante aan te skaf.

Edcon het gesê '84% van die debiteure was lopend en in staat om te kan koop, in vergelyking met 86% in Junie verlede jaar'.

Tot en met Maart, het Edcon, wat Edgars en Jet besit, 585 000 nuwe rekeninghouers bygekry, wat die totaal op 4.1 miljoen te staan bring.

Nasionale kredietreguleerder se hoof uitvoerende amptenaar, Gabriel Davel, het verlede week gesê dat huidige vlakke van skuld onvolhoubaar is. Hy het gesê dat 80 000 vonnisse met betrekking tot wanbetaling 'n maand toegeken is en dat dit as gevolg van roekelose leen en verbruiker oneerlikheid is.

Maar Neill Young, 'n Coronation Fonds Bestuur portfoliobestuurder, sê die verslegting van die debiteureboek was te wagte as die proaktiewe stap om nuwe rekeninge aan te skaf in aanmerking geneem word. Dit was 'nie 'n groot bekommernis nie' en hy het geglo dat die boek teen die einde van September sou stabiliseer.

Edcon het gesê dat die groei in verkope vir die kwartaal tot 15% afgeneem het, maar het beklemtoon dat die groei in wins die groei in verkope oorskry het en dat hulle verwag dat hierdie tendens vir die halfjaarresultate tot September, sou voort duur.

Young het gesê dat die enigste teleurstelling in die nuutste bedryfsverslag die stadiger groei in die afslagsafdeling is, wat hoofsaaklik uit die Jet kettinggroep bestaan. Verkope in hierdie afdeling het met 15% toegeneem.

Nuusagent CNA, deel van die afdelingswinkelafdeling, was die beste inkomsteprestееrder met verkope wat met 31% toegeneem het.

Die groei in bruto wins was meer as die groei in verkope, 'n ommeswaai in 'n vroeër tendens wat Edcon toegeskryf het aan 'n hoër proporsie van verkope van laewinsprodukte, veral selfone.

Die maatskappy het gesê dat hierdie jaar se wintervoorraad verkoop is. Dit volg op klagtes dat verlede jaar se ongewone warm winter verkope 'n knou toegedien het.

Edcon aandele het gister 20c hoër gesluit op R27,45. Die algemenehandelaarsektor het met 0,97% gestyg.

VRAE:

6.3.1 Hierdie artikel noem twee baie bekende maatskappye wat deel van die Edcon-groep vorm.

(a) Behalwe Edgars, watter maatskappy het die beste uitslae in die groep gehad?

(b) Watter maatskappy het die teleurstellendste uitslae in die groep getoon? (2)

6.3.2 Waarom het Edgars, volgens hierdie artikel, 'n teleurstellende handelsuitslae in verlede jaar se winterseisoen gehad? (2)

6.3.3 Edgars beskryf een van die produkte, selfone, as 'lae opbrengs'. Waarom hou Edgars aan om hierdie produk te verkoop as dit 'lae opbrengs' is? (2)

6.3.4 Edcon is klaarblyklik gelukkig met die feit dat 84% van hul debiteure in omloop is en kan koop. Na jou mening, waarom het Edcon goeie debiteure wanneer ander besighede sukkel om hulle debiteure betyds te laat betaal? Verduidelik kortliks. (4)

6.3.5 Volgens hierdie artikel is 80 000 vonnisse met betrekking tot oninbare skulde landwyd uitgereik. Veronderstel dat 25% van hierdie oninbare skulde, Edcon-kliënte is, sal dit 'n groot bekommernis vir Edcon wees? Verduidelik kortliks deur syfers te kwoteer om jou antwoord te staaf. (7)

[60]

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou